# Kolskoot met sportfotografie


Henk Scheepers se Vasbyt.

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe, se April klubaand is onlangs gehou. Die maandtema was **Sportfotografie**.

Die definisie van sportfotografie is: *"Sport photography covers any aspect of a sporting event. Images must depict an active pastime or recreation involving physical exertion and/or skill that is governed by a set of rules or customs and often of a competitive nature. Images in this section could include the spectators or judge or umpire in a sporting event. In camera manipulation is allowed to illustrate movement (slow shutter speed panning; zoom out of lens etc)."*

Hoewel sport na 'n maklike onderwerp lyk, is dit in werklikheid baie tegnies en vereis dit baie kennis van die spesifieke sportsoort van die fotograaf. Klublede het hulle staal gewys en daar was besondere goeie foto's.

Henk Scheepers, 'n meester silwer 5 Ster-fotograaf se ***Vasbyt*** het met die louere weggestap. Die wenfoto in die monochroom-afdeling (waar enige onderwerp uitgebeeld kan word) was Hanna Potgieter se ***Sealpoint Lighthouse***. Hanna het so pas erekleure in fotografie van die PSSA (Fotografiese Vereniging van Suid-Afrika) verwerf.

In die junior ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word, is Elsje Vermeulen (3 Ster-fotograaf) se ***Cosmos*** as wenner aangewys met Dricky Gouws (1 Ster) se ***Landscape*** in die tweede plek.

In die senior ope-afdeling is Johan Enslin (meester Kandidaat), se ***Honey Bee*** as die wenfoto aangewys.

In die tweede plek was Haig Fourie se ***Leaf on water***.

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa), die nasionale liggaam wat na die belange van amateur fotograwe in Suid-Afrika omsien. Besoek gerus PSSA se webblad vir wenfoto's sowel as ander interessante inligting by www.pssa.co.za.

Die klub kom maandeliks byeen op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor ouditorium, Vanderbijlpark waar alle fotograwe baie welkom is. Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30. Die volgende klub byeenkoms vind plaas op 19 Mei en die maandonderwerp is **Makro-fotografie**.

Alle belangstellendes is welkom om te kom kyk waarmee hierdie fotograwe vorendag gaan kom. Die kontakpersoon is Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za



Johan Enslin se Honey bee.

Besoek gerus die klub se nuwe, moderne webblad http://www.vdbp-photo.org/ Besoek ook hul Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke opgelaai word.


Elsje Vermeulen se Cosmos.


Haig Fourie se Leave on Water.


Hanna Potgieter se Sealpoint Lighthouse.


Dricky Gouws se Landscape.